# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (49/20)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 4 Desember 2020*


***"North Korea has declared its own time zone that they are calling "Pyongyang Time", and set their clocks back half an hour. So if it's say, 11h40 here now in New York, in North Korea it's still 1925" Jimmy Fallon***

## JOHN EDMONDS


John Edmonds het die afgelope 14 jaar by die CGA as Inligtingsbestuurder gewerk. John gaan die CGA aan die einde van Desember 2020 verlaat. Ons het groot waardering vir die werk wat hy vir die CGA gedoen het en wens hom net die beste vir die toekoms toe.

## SOUTHERN HEMISPHERE ASSOCIATION OF FRESH FRUIT EXPORTERS (SHAFFE) SE DESEMBER VERGADERING

Dit is geen maklike taak om alle lande in die suidelike halfrond in 'n videokonferensie te akkommodeer nie - 09:00 in Suid-Afrika is 18:00 in Australië en 20:00 in Nieu-Seeland; terwyl aan die ander kant van die spektrum is dit 02:00 in Peru en 04:00 in Brasilië, Argentinië en Uruguay. Op een of ander manier het die SHAFFE-sekretariaat Dinsdagaand (Suid-Afrikaanse tyd) daarin geslaag om ons almal met mekaar te verbind. Dit was lekker om met die vrugtefamilie in die suidelike halfrond te vergader in die gemak van elkeen se huis. Soos gewoonlik het die sekretariaat uitstekende analises aangebied.




Vanuit 'n volume perspektief vergroot Suid-Afrika sy voorsprong as die uitvoerder met die grootste volume vrugte van die SHAFFE lede. Oor die afgelope vyf jaar het die Suid-Afrikaanse vrugte-uitvoere met 7% per jaar gegroei. Peru het die hoogste groei gedurende hierdie periode (sedert 2015) van 9% gehad; terwyl Australië (6%), Nieu-Seeland (5%), Brasilië (4%) en Chili (2%) almal groei aangeteken het. Argentinië het geen groei getoon nie, terwyl Uruguay met 12% afgeneem het. Algeheel het die SHAFFE-lande se uitvoervolumes met 4% per jaar sedert 2015 gegroei.




Vanuit 'n volume perspektief groei Chili sy voorsprong as die vrugte-uitvoerder met die hoogste waarde van vrugte-uitvoere onder SHAFFE lede. Die afgelope vyf jaar het die vrugte-uitvoerwaarde van Chili jaarliks met 7% gestyg. Peru het die hoogste groei in waarde oor hierdie periode gehad met 19%, gevolg deur Australië met 13%. Nieu-Seeland (9%), Brasilië (5%) en Suid-Afrika (1%) het ook sedert 2015 jaarlikse groei getoon; terwyl Argentinië met 1% en Uruguay met 17% afgeneem het. Algeheel het die uitvoerwaarde van SHAFFE-lande sedert 2015 met 7% per jaar gegroei.